

Bestormd deur Kaffers, Leeus en Brit,
 Waai jy steeds o'er hul kop;
 En tot hul spyt anskou hul dit,
 Ons hys jou hoger op!
 Met lage lis haal Albion
 Ons faandel stilweg neer;
 En doen toen net al wat hul kon,
 Dat ons hul flag moes eer.
 Ons sou dan alles daarby wen,
 'n Telegraaf en spoor;
 As ons di Rooiflag wou erken,
 Mar dit wou ons nie hoor.
 Fiir jaar lank het ons mooi gepraat,
 Om weer ons land te kry:
 "Ons vraag jou, Brit, gen goed of kwaad;
 Gaan weg, en laat ons bly!"
 Mar toen di Brit ons nog fererg,
 Toen fat ons di geweer;
 Ons was al lank genoeg geterg,
 Nou kon ons tog ni meer.
 En met Gods hulp het ons di juk
 Fan England afgegooi;
 Ons is weer fry; geluk, geluk;
 Nou waai ons flag weer mooi!
 Dit het ons heldebloed gekos;
 Mar England nog feul meer;
 So het di Heer ons weer ferlos!
 Ons geef Hem al di eer;
 Waai hoog nou o'er ons diirbaar land,
 Waai, Fiirkleur fan Transvaal!
 En wé di Godfergete hand
 Wat jou ooit neer wil haal!

KERELS, PAS OP !

Ek ken 'n mysi, mooi en klyn,
 Pas op !
 Nou is sy grof, net nou weer fyn,
 Pas op! Pas op!
 Betrou haar nou,
 Dan fop jy jou.

Sy het twé ogiis, bruin en saf,
 Pas op !
 Eers loer sy skuins, en dan weer af,
 Pas op! Pas op!
 Sy sal jou fop,
 Jou eselkop!

So fyn as gouddraad is haar *haar*,
 Pas op !
 En 'wat sy seg dit jok sy maar,
 Pas op! Pas op!
 Betrou haar nou,
 Dan fop jy jou.

Haar halsi is so wit as ys.
 Pas op !
 Sy weet ook hoeveul sy moet wys,
 Pas op! Pas op!
 Betrou jy haar,
 Dan is dit klaar.

En geef sy jou een mooie kans,
 Pas op !
 Want *fraag* jy haar...dan draai sy om,
 En jy 's gefop.
 Daar loop jy heen
 Met 'n bloue skeen!

DI KLAAGLITJI FAN DI OS.

Toen ek nog mar 'n kalfi was
 Moes ek al onreg ly:
 Myn melk gaan in di mens syn glas
 Di o'erskiit kon ek kry.

Di skaaplam loop saam met di ooi,
 Di merri met haar vul;
 Hul speul en suip...dit is so mooi—
 En ek word maar gekul.

Di heel dag staan ek in di kraal,
 Al het ek nog so dors;
 En word di koeie saans gehaal,
 Dan kry ek eers di bors.

Net soos myn ma di melk laat sak,
 Moet ek opsy gaan staan:
 Want as ek dan di tepel pak,
 Word 'k op myn kop geslaan.

Di skaap selfs, ag, di is so fyn,
 Hul kry di beste wei;
 Mar grofste gras is goed fer myn,
 Wat altyd uitskot kry.
 Di pèrd en muile kry hul kos,
 So lekker as soet koek;
 Hul in di stal—ek in di bos—
 'k Moet self myn kos gaan soek.
 'n Sagte tuig kry muil en pèrd,
 Om lekker te kan trek;
 Myn rug di kry di aap syn stêrt,
 Di juk hard op myn nek.
 Di pèrd trek in di spider fraai,
 En word dan nog gestreel;
 Maar myn wa word mar opgelaai—
 Transportwa is myn deel.
 Di pèrd loop lig met toom en saal;
 'n Pakos het dit naar:
 'n Riem word deur syn neus gehaal;
 Syn pak is hard en swaar.
 'n Pèrd loop in di mooie straat,
 Met ligte ysters aan:
 Wyl myn pad deur di bosse gaat,
 Of waar di klippe staan.
 En is di pèrd eens oud en moê,
 Hij kry genadebrood;
 Dan moet ek na di slagter toe,—
 Myn loon is dan di dood.

Aan de Gwelo, 19-9-'94.

ANTWOORD VAN DI PERD HIIROP.

A né, jy moet ni praat, ou maat!
 He! Ha!
 Jy weet ni fan swaar kry en ly;
 Ja! Ja!
 Jy wat soos skilpad krui, so lui!
 Hé! Hé!
 Jy het nog nooit gesweet, jy weet;
 Né! Né!
 En jy 's fer sla bra dof, ou mof!
 He! Ha!
 Di mens moet jou uitstof, ou mof!
 Ja! Ja!

Dit dreun vér deur di lug,
 Dit dreun vér deur di lug: gesug,
 Gesteun, asgaai-gekletter,
 Waar uil en wolf voor vlug.

Hy hef syn skildvel op,
 Hy hef syn skildvel op en klop
 Tot drimal met syn kiri,
 Toen was di dans gestop.

Hul val almal vooro'er,
 Hul val almal vooro'er, en hoor
 Wat hul Kaptein sal melde
 Gen asem word gehoor.

"Kom, kroos van Matchobaan,*
 Kom kroos van Matchobaan, hoor aan
 Hoe julle, ontaarde lafaards,
 Myn ryk het laat vergaan.

"Vanhiir tot in Natal,
 Vanhiir tot in Natal, o'eral
 Bewoon was heel di wereld
 Met stamme sonder tal.

"Mar vér van uit di Noord,
 Mar vér van uit di Noord, kom voort
 Held Gaka, met syn impis,
 En het hul uitgemoord."

Hij vul syn hand met as,
 Hij vul syn hand met as van gras,
 Wat wegbrand voor syn vingers,
 Of dit 'n vuurkool was.

Hy blaas di as toen weg,
 Hy blaas di as toen weg en seg:
 "So 't Gaka oek di lafaards
 Vernitig sonder veg.

"Toen het ons di asgaai,—
 Toen het ons di asgaai geswaai,
 Wat elke Sulu, voor hy vrou vat
 Eers in di bloed moes baai.

"Mar toen kom daar di Boer,—
 Mar toen kom daar di Boer met roer,
 Deur lafaards uitgevinde,
 Wat agter skanse loer.

"Met hul kon ons ni veg,—
 Met hul kon ons ni veg, en weg
 Trek toen Salkats, en stig hiir,
 Di Moordstad wat daar leg.

* Grootvader van Lobengulu.

"Mar né, daar leg gen stad,—
 Mar né, daar leg gen stad, dis plat
 Gebrand met eie hande
 Eer Rhodes dit het kon vat.

"Ons land het net een fout,
 Ons land het net een fout: di goud!
 Daar hol di Rojes agter,
 In lande warm en koud.

"Rhodes gé ons di geweer,—
 Rhodes gé ons di geweer en sweer:
 Ons kan ons land behou,
 Daar hy net goud begeer.

"Jul denk jul kon ook skiit,—
 Jul denk jul kon ook skiit— verniit,
 Want Rhodes laat kogels regen,
 En bliksems laat hij skiit.

"Vergaan is nou myn ryk,—
 Vergaan is nou myn ryk, myn lyk
 Leg in di verre bosse,
 Waar 'k vlugtend heen moes wyk."

* * * *

Hy swyg en 'n gekreun,
 Hy swyg en 'n gekreun, gesteun,
 Gejammer vul di lugruim,
 Waar d' aard van donderdreun.

Hy roep d' Indunas saam,—
 Hy roep d' Indunas saam by naam;
 Vuur straal daar uit syn oge;
 Hy leg op hulle di blaam.

"Jul het al dag geseg—
 Jul het al dag geseg: Veg!- Veg!
 Mar toen di witman ankom,
 Toen wlug jul almal weg!!"

'n Induna vat dit op—
 'n Induna vat dit op: "Wag, stop!
 Moet ni ver ons verwyt ni;
 Di skuld leg op jou kop.

"Jy het ons volk verlei—
 Jy het ons volk verlei, ja jy,
 Toen Rhodes syn Mond kom goud vra,
 Met sag en soet gevlei.

"Toen het ek jou gevra—
 Toen het ek jou gevra: Seg ja,
 Dat ons di witmens doodsteek,
 Of uit ons land uit ja.

“Mar jy wou my ni hoor—
 Mar jy wou my ni hoor; gen oor
 Wou jy d' Indunas leen ni;
 Jy het ons volk vermoor.

“En toen ons moes gaan weg—
 En toen ons moes gaan weg, toen leg
 Jy by jou vrous en biir drink,
 En vlug lafhartig weg!”...

* * *

Daar rijs 'n woedende onweer op,
 Di donders rol en kraak...
 Verwoeder hef Loben syn kop,
 Tot dit di wolke raak;
 Di bliksem uit syn fonklende oog,
 Kliif met di weerlig saam di boog;
 Saam met die ha'elgekletter
 Dreig hij hul te verpletter.

Di afgrond open weer syn mond,
 En braak 'n warlwind uit—
 Goi rook en stof en klippers rond,
 Met vreeslik stormgeluid;
 Di storm neem toen 'n liggaam aan;
 Salkats siin ek as reus daar staan;
 Syn kop tot in de wolke!
 Syn voet diep in di kolke!

Hy brul: “swyg, lafaard! domkop! swyg!
 Wil jy myn volk verwijt?
 Jy is ni werd dat ek jou dreig,
 In al jou nitigheid!
 Myn land het jy an Rhodes verkoop;
 Jy 't voor di vyand weggeloop;
 Swyg, basterseun, verrader!
 Onwaardig an jou vader!...”

Toen was dit of di aard vergaan;
 Dis weerlig rondom heen;
 Di donders kraak, di hagels slaan,
 Dit wentel al deur-een.
 Di storm ruk di twé geeste rond;
 Di res leg kreunend op di grond;
 Nooit was 'n nag so donker:
 Daar blink geen stergeflonker.

Mar wi verskyn in silwer lig?
 En kleding wit nes sneeu,
 Met sagte kalmte op di gesig,
 Tog kragtig nes 'n leeu!

Dis Piet Retief—kalm blyf hy staan,
 En kyk 'n poos di twisstorm aan;
 Hy spreek, en in syn rede
 Spreek reg en tog oek vrede:

“Swyg, lafaards, wreed barbaarsgebroed!
 Hou met jul rusi op!
 Dit is al di onskuldig bloed,
 Wat tuiskom op jul kop.
 Di bloed het lank geroep om wraak:
 Vergeldingsdag is nou genaak.
 Daal in jul kerker weder!
 Sink in di afgrond neder!”

Meteen kom daar 'n bliksemstraal
 En slinger hulle neer...
 Ek sien hul in di afgrond daal;
 En stilte keer toen weer.
 Ek sien Retief lanksaam verdwyn;
 Dis nes di dageraad verskyn;
 Ek sien di morresterre
 Wat lustig blink van verre.

Di engel van di dageraad,
 Met palmtak in di hand,
 Op gindse heuweltoppe staat;
 Syn glans o'erstraal di land.
 'k Sien Spoortrein—Handel—Delwery—
 Di Boer graan maai—di vé di wej—
 Di land besaa met stede—
 Di volke ryk, in vrede.

Di engel spreek: “Eens is di goud
 Ver Salomo hiir gehaal;
 Di Tempel word haas weer herbouwd,
 Di goud sal weer daar straal.
 Graaf, Delwer! hiir leg skatte meer
 As Schebas koningin beheer.
 Di land sy ruim gesegen
 Met sonneskyn en regen!”

An di Shanganirivier, op di vlugpad, waar Lobengulu syn vervolgers het laat vlug vóór di goddelike wraak hom getref het, geskrywe tussen di geraamtes van gesneuwelde mense en perde.—9 Sept, 1894.

ZIMBABWE'S HELDENGRAF.

'k Doorkruisde de ruïnen;
 'k Kroop onder 't bosstrueel;
 'k Klom boven op de muren;
 Ik zocht, en zocht zoveel.
 Ronddolend door het bouwwerk,—
 Ruïnen eeuwen oud,—
 Stuit 'k op een nieuwe omtuining,
 Zo vers nog opgebouwd.
 Ik zie tussen de tralies
 Een graf, nog pas bedekt,
 Dat Wilsons dappere bende
 Tot laatste rustplaats strekt.
 Een krans van wilde bloemen,
 Vergaard door vriendenhand,
 Versiert het verse graf slechts,
 Hier in dit verre land.
 Waartoe een sierlik grafzerk
 Uit England ver gebracht?...
 Zimbabwe is hun grafsteen,
 Gebouwd door 't voorgeslacht! ...
 Ik plukte verse bloemen,
 Vlocht ze in dezelfde krans;
 'k Deed zulks voor verre vrienden;
 'k Voel wat zij voelen tans.
 'k Zit aan dit graf gekluisterd,
 Totdat de nacht betreft;
 't Is me of de verse aardhoop
 Een nieuwe zaadkiem dekt;—
 Een zaad dat zal ontkiemen
 Met nieuwe levenskracht,
 En 't land nog meer doen bloeien
 Dan onder 't voorgeslacht.
 Een zaad was elk bloeddroppel,
 Geofferd voor dit land,
 Bevochtigd door de tranen
 Van vriend en bloedverwant.
 Ja, verre vriend en magen!
 Ik heb uw doën bezocht:
 Ik voelde uw smart en zegen,
 Toen ik die bloemen vlocht.
 Verfrissende avondkoelte,
 Die tans mijn slapen kust,
 Brengt gij de dank der moeder
 Van hem die tans hier rust?...

Zegt, zachte lenteluchtjes,
 Die spelen om dit graf!
 Brengt gij de stille zuchten
 Van verre vrienden af?...
 Ik voel, ja, 'k voel uw zegen.
 Ja zegen voert ge meê;
 Die zuchten brengen zegen;
 Geboorte toch baart wee.
 Gij, heldre lentedroppen!
 Fris als de morgenster,
 Zijt gij de stille tranen
 Van vriend en maag zo vér?...
 Slaapt zacht, betreurde doden!
 Hier in dit stille oord;
 Reeds is uw dood gewroken;
 Uw bloed brengt vruchten voort.
 Slaapt zacht op zulk een rustplaats!
 Daar dacht ge wis niet aan,
 Toen men Zimbabwe noemde,
 Dat hier uw graf zou staan
 Uw naam duur' als dit bouwwerk,
 Dat vroegere glorie zag!
 Weldra verrijst de morgen
 Van een veel schoner dag.
 Zimbabwe, 2 Oct. 1894.

HENDRIK EN LETTI.

(*'n Ferhaal uit di Transvaalse Fryhyds corlog.*)

'k Hoor "Kalwerliifde" menigmaal
 As kinderspel misprys,
 Wat nes 'n morgenwolk ferdwyn,
 Sodra di son ferrys.
 En meesal is dit oek mar so:
 Ons kinderfreug ferdwyn
 Gelyk 'n angeneame droom,
 Hoe werklik dit oek skyn.
 Beloftes word weldra ferbreek,
 En andere gedaan;
 Ferbintnisse losgeknoop,
 En nuwe angegaan.
 Mar so was dit met Hendrik ni,
 En Letti ewemin;
 Fan kinds af was hul twe ferloof,
 In onferbreekbre min.

Hy het syn liefde haar gegé,
 Syn liefde was getrou:
 Sy het an hom haar woord gegé,
 En sy het woord gehou.

Syn hart was trou tot in di dood,
 Tot in die koue graf;
 En wat ook later mog gebeur,
 Sy staan hom nimmer af.

* * * *

Hoe mooi is di wereld fer 'n jong kinderhart!
 Tog het oek di wereld fer kinders reeds smart.
 Fer Hendrik en Letti was alles so skoon
 Ni fêr fan makkaar het hul ouers gewoon.
 Gen Eden gaf Adam en Eva meer freug,
 As Hendrik en Letti genoot in hul jeug.
 Ni fêr fan Pretoria, 'n pragtige oord,
 Daar leefde en minde di twe ongestoord,
 Mar jong onderfind hul wat skydingsmart seg;
 Haar ouwers fertrek na di Hogefeld weg.
 Daar is dit feul beter fer féboerdery,
 Mar swaar fal dit Hendrik en Letti te sky.
 "Myn Letti, nou gaan ons so fêr uit makkaar;
 Sal jy my jou hart en jou hand trou bewaar?"
 "Myn Hendrik, myn hart het ek jou afgegé;
 En waar jy oek gaan mog, neem oral dit mé."
 "Myn Letti, ek weet ni, mar 'k foel tog so bang;
 Jy gaan tog so fêr weg, en molik so lang."
 "Ag, Hendrik, myn hart is nes d' aarde so wyd;
 Myn liefde is duursaam, so lang as di tyd."
 "Mar, Letti, hoefeul kan in di tyd gebeur,
 Om ons jonge harte met smart los te skeur?"
 "Myn Hendrik, laat al di gedagtes mar bly;
 Ek blyf jou getrou, blyf jy trou mar an my."
 "Myn Letti, nou gaan dan, gaan frolik mar heen!
 Niks sal ons ooit skyde, di dood mar alleen."
 Sy spreek ni, mar gé hom 'n hartelike kus;
 En Hendrik neem afskyd, syn hart is gerus.

Ag jare is ferlope,
 En feul daarin gebeur;
 Mar niks kan troue harte
 Op aarde ooit los skeur.
 Ja, Hendrik het syn woord gehou,
 En Letti blyf an hom getrou.

Ja, swaar fal hul di proeftyd,
 Di proeftyd duur so lang;
 En swaar was hul beproewings,
 Beproewings droef en bang:
 Mar wi sym hulp fan God ferwag,
 Ontfang fan Hem fer alles krag.
 Syn fader is gesterwe,
 Syn moeder trou toen weer;
 Mar dit was haar famili
 Tot skade en oneer:
 Di fader bring hul goed glad deur,
 En het hul hart met smart ferskeur.
 Haar ouers was foorspoedig,
 Werd ryk en hoog in stand;
 En Letti kryg feul minnaars,
 Wat fraag haar hart en hand:
 Want in Transvaalse dogtren ry
 Streef geen in skoonhyd haar ferby.
 Haar Hendrik sag sy selde,
 Want hy woon fér fan haar;
 En dan kom daar gerugtes
 Fan hom, mar sleg en naar;
 Want is 'n mens in tegenspoed
 Dan spreek mar wynig fan jou goed.
 Mar Letti blyf standfastig,
 Fer laster is sy doof;
 So lank as hul haar Hendrik
 Fan haar mar ni ontroof;
 Want troue liefde is 'n fuur
 Wat armoe en oneer ferduur.

* * * *

Al duur di donkre nag oek lang,
 Al is hy bang,
 Di lig sal dage:
 Al pak di donker wolke dig,
 Di sonnelig
 Breek deur di flage.
 Al duur dit menig lange jaar,
 Di blye paar
 Kryg hul ferlange:
 "Hendrik en Letti is getroud!"
 Juig, jong en oud,
 Met feesgesange.

Ag, mog ons liwe Heer jul twé
 Feul segen gé,
 En lang nog spare;
 In plaas fan smarte in jul jeug,
 Geef Hy nou freug
 Fer feule jare!

* * * *

Di witbroodsweke is ferby,
 Di bruilofsdage al ferloop
 Di twe gaan na di Myne ry,
 Om fer hul huishou in te koop;
 Want nou gaan hul die wereld in,
 En yge huishouding begin.

Hul kom fan Kimberley na huis,
 Met huisbehoefte uitgerus.
 "Myn Letti, nou 's ons spoedig tuis!"
 Seg Hendrik, en geef haar 'n kus.
 "Ja in ons yge huis te wees,"
 Seg sy "begeer ek allermees."

Hul ry juis langes Mooirifir,
 Daar fal toen net di eerste skoot.
 "Ag, Hendrik, wat is dit nou hiir?"
 "Wees stil, myn hart, daar is geen nood!"
 Mar spoedig roep di krygsrumoer:
 Dis oorlog tussen Brit en Boer.

"Myn Letti 'k bring jou uit gejaar,
 En gaan saam met myn broeders feg."
 "Ag, Hendrik, ek foel tog so naar;
 Bring my mar na ons huis eers weg."
 Tot by haar suster bring hy haar,
 Naby Pretoria, uit gejaar.

Mar hy had rus nog duarte meer.
 "Ek gaan saam met myn broeders stry!"
 Nou laat ek my fan niks meer keer;
 'k Kom straks te laat om saam te ly."
 "Ag, Hendrik, wees daarvoor ni bang,
 Di oorlog duur gewis nog lang."

"Wi nou Transvaler hete mag
 Hoort same in di stryd te staan;
 Hy is onwaard an syn geslag,
 Wat sig één dag soek te ontslaan:
 'k Gé fer myn vaderland myn bloed,
 Myn lewe 's daarvoor ni te goed."

“Ag, Hendrik, 'k werk liifs nes 'n myd
 Onder di Britse heerskappy;
 As 'jy moes sneuwel in di stryd,
 Ag, wat wen ek dan tog daarby?”
 “Myn hart, ek sal myn lewe geef,
 En 'jy sal dan in fryhyd leef.”

Terwyl sy nog haar trane droog
 Het Hendrik reeds syn pèrd gesaal,
 Mar foor hy wegry uit haar oog
 Roep hy nog fer di laaste maal:
 “Faarwel, lig siin ek jou nooit weer;
 Mar ek befeel jou an di Heer!”

* * * *

“Na Langnek! Na Langnek!” so klink deur Trans-
 faal.

“Na Langnek! Jaag daarheen nou, helde!
 “Di fyand hiir binne is fas allemaal;
 “Na Langnek, o'er heuwels en felde!
 “Want Colley kom an fan Natal met syn mag,
 “Hy sal o'er ons grense ni kome;
 “Na Langnek! daar sal ons di Rooies opwag;
 “Hul bloed moet op yge grond stromel
 “Na Langnek! kom, broeders, di fyand gekeer!
 “Na Langnek! klink deur onse felde!”
 En Hendrik was nou oek deur niks meer te keer,
 Hy 's onder di dapperste helde.

* * * *

“Hoe donker pak di wolke saam
 Rondom myn hoof!
 Mar deur di strome ly God my:
 Dis myn geloof.
 Dis soet my an Hem o'er te gé,
 In donkerhyd;
 Myn oog te sluit en Hem te folg,
 Waar Hy my lyd.
 Hy foer deur menig doornig pad
 Myn moede foet;
 Gaan Hy met my, elk tranedal
 Is my dan soet.
 As ek mar weet: Hy is by my,
 Myn God en Heer;
 Dan is myn arme hart gerus,
 En wens niks meer.

Al skyn gen ligstraal in myn oog,
 Ek sal ni dwaal;
 Want leunend op syn sterke arm
 Kan ek ni faal.

Myn Hendrik is fan my gegaan,
 God an syn sy;
 En lydsaam rus ek in myn lot,
 God is met my."

* * * *

Hoe Hendrik sig ook haas, hoe finnik hy ook ry,
 Toen hy di Nek beryk, was d' eerste slag ferby.
 Di Rooies wou di Pas met leeuemag forseer,
 Mar sestig Boere jaag hul gou na onder weer.
 Di dappere Dean is dood, syn resiment ferslaan.
 En Colley radeloos foer weer fersterkings aan.
 Mar dappere Niklaas Smit, ons Luitnant-Generaal,
 Roep: "Kom Vrywilligers, di perde opgesaal!
 "Ons kan ni langer hiir 'bily stil lê op di Nek;
 "Fan ons oe'rwinning moet ons nou di foordeel trek
 "Ons moet di fyand nou op yge grond anfal;
 "Daar kom ammunisi by fragte fan Natal
 "Ons kan dit ni toelaat dat Colley toefoer kry:
 "Kom, laat ons foorwaarts ruk en homsyn pas afsny!"
 Twe honderd burgers folg di dappere Feg-Generaal,
 En trek di fyand om, nog foor di awend daal.

* * * *

In di stille, donkre nag,
 Staan onder di hemel bloot
 Twe getrouwe frinde wag:
 Hendrik en syn naamgenoot,
 Neefs, getrou tot in di dood.

Hendrik sug: "Ag, liwe Neef,
 "My is dit geopenbaar:
 "Morre moet 'k myn lewe geef;
 "Daarfoor is myn siil nou klaar;
 "Mar één ding druk my so swaar".
 "Niemand weet wat Gode keurt;
 "Hendrik, waarom kwel jy jou?
 "Molik is dit nog myn beurt...
 "Steeds was ons makkaar getrou;
 "k Stry en sterf ook saam met jou."
 "Geef my nou jou hand as borg:
 "Dat, as jy nog na my leef,
 "Jy myn lyk te huis besorg,
 "En dit an myn Letti geef,
 "Met 'n boodskap, liwe Neef."

“Lewend was ons eensgesind,
 “Sterwend dan nog allermees;
 “Spaar God my, myn trouwste frind,
 “Ek sal jou fersorger wees,
 “Wees daarvoor tog ni befrees.”

“Rustig gaan ek na myn dood;
 “Ek fertrou op God myn Heer;
 “’k Leg myn sil in Jesus skoot;
 “Mar één ding druk my nog meer,
 “Dis wat ek fan jou begeer:

“Letti draag onder haar hart
 “d’ Eerste frug fan onse trou;
 “Dit sal wees ’n ‘seun der smart;’
 “Want ek sal hom nooit anskou,
 “Mar hy sal myn stam ophou.

“Hannibal werd reeds as kind
 “Deur syn fader dit geleer:
 “Haat teen Rome ingeprint;
 “By di altaar kniil hy neer,
 “Om ’n eeuge haat te sweer.

“So moet Letti ook myn kind
 “By syn faders graf dit leer:
 “Teen di Britte haat inprint;
 “Laat hom op myn graf dit sweer:
 “Nooit di Britse mag te eer.

“Ower di onskuldig bloed,
 “Hier op onse grond gefloei,
 “Moet in elke jong gemoed
 “Eeuge fyandskap opgroeï:
 “Britse mag moet uitgeroeï!”...

’n Handdruk—en hul keer terug;
 Mar gen slaap sluit hul di oog.
 Daar onder di blote lug
 Styg nog menig sug omhoog,
 Na di heldre hemelboog.

* * * *

Bloedrood ferrys di dageraad
 Ower di heuweltoppe,
 Toen Smit onder syn manne staat;
 Hy kon hul ni meer stoppe;
 Want foorwaarts ruk reeds Colleys mag
 En elk staan klaar reeds fer di slag.

"Ons fyand is meer in getal,
 "Gewapend met kanonne;
 "En nou moet ons hul gaan anfal;
 "Di daad lyk onbesonne:
 "Dog ruk mar op met God di Heer:
 "Hy geef ons d' owerwinning weer!
 "Hy is 'n God fan suiwer reg,
 "En sal ons ni begewe;
 "Hy sal foor ons gesig weer feg;
 "Ons fyande sal béwe:
 "Ons feg fer reg, ons feg dus fiir;
 "Jehova in ons krygsbaniir;"
 Hy geef syn perd nou fluks di spoor;
 Syn orders is gegéwe;
 Di burgers jaag, hul lydsman foor;
 Hul storm nou toe nes leeu;
 Want Colley had reeds met syn mag
 Di koppis, waar hy hul opwag.
 Fan dri kante laat Smit toejaag,
 En dryf hul uit di rante;
 Di Boere storm gants onfersaag,
 Dring in fan alle kante;
 Hulle frees gen bom, kanon, geweer,
 En skiiit di kanonniirs selfs neer.
 Wi is hy wat met leeuemoed
 Di fyand storm durf lope?...
 Ag, straks moet hy dit met syn bloed
 En lewe nog bekope!...
 Daar fal hy—fer syn faderland!
 Dis Hendrik—by di foorste rant,
 Syn Neef staan ni heel fer fandaar,
 En siit fer Hendrik falle.
 Hy roep: "Ag, God, dit was tog waar!—
 En hy di eerst fan alle!.....
 "Moet ek dit met myn bloed betaal,
 "Mar ek gaan Hendrik nou uithaal."
 Di fyand skiiit met bom en skroot,
 Mar hy stap foorwaarts moedig:
 En deur 'n hagelbui fan lood
 Draag hy syn Neef so bloedig:
 Hy bring hom by syn maters weer,
 Mar Hendrik sprak gen woord toen meer.
 * * * * *
 Meer as twe jaar is ferflege,
 Met syn freug en met syn rou;
 En di troostelose weduw

Is 'n blye moeder nou;
Want daar dartel an haar sy
'n Jongske, vrolik, lief, en bly

Dikwils in di skemerawend,
Met di jongske an haar hand,
Siit men haar nog grafwaarts wandel,
Waar syn grafsteen staan geplant:
Want hiir waar haar Hendrik rus
Is haar enige hartelus.

Fele minnaars is gekome,
Om haar liefde weer te win;
Mar tot nogtoe was s' onfatbaar
Fer 'n tweede huwlikmin:
In haar faders huis begeer
Sy haar jongske en niks meer.

Wi sal di geluk'ge wese
Om te win haar hand en hart?.....
Of sal sy nooit weer beminne?.....
Freugde soek mar in haar smart?.....
Min 'n trouwe hart één keer,
En dan hiir op aard nooit weer?.....

Pretoria, 8 April, 1883.

LITJI VAN 'N VOORTREKKER.

Myn ossewa, myn ossewa!
Ek wil jou deugde sing.
Skoon andre o'er jou traaghyd kla.
Jy is myn liweling.
Gé my mar net myn ossewa,
Dan sal ek na gen spoortryn fra.
Ek set myn Bybel in di kis;
Myn roer hang an di tent:
En binne al wat nodig is,—
Ek is an min gewind;—
Myn frou en kinders in myn wa.
En dan sal ek o'er niks meer kla

Myn land is groot, myn land is goed.
 Myn land is ryk en fry;
 'k Het wild fer kos in owerfloed;
 Myn osse ruime wy.
 'k Sit soos 'n koning op myn wa,
 Wi sal my in di ruimte pla?
 So ry ek fort o'er berg en dal,
 Gelukkig in myn lot;
 Myn faderland is oweral,
 En oweral myn God;
 Rys ek dus op myn ossewa,
 Ek dank myn God fer syngena.
 Myn perke is di hemeltrans,
 So fêr myn oge gaan;
 Bedags ry ek by sonneglans,
 Snags by di heldre maan,
 Of skyn di sterre op myn wa,
 Dan hoef ek na gen pad te fra.
 Ek frêes gen Kaffer, wolf, of leeu,
 Mar hou op God myn oog;
 Hoe hulle brul, of raas, of skreeu,
 Myn kruit di is mos 'droog;
 Sit ek foor op myn ossewa,
 Ek laat my deur 'n leeu ni pla.
 Di grote boom di is myn kerk,
 Wanneer dit Sondag is;
 Myn ossiis wy; ek rus fan werk;
 Myn Bybel uit di kis;
 Ons sing en bid daar by myn wa,
 Soos by di Kruis fan Golgotha.
 Myn fooros is 'n trouwe diir,
 Hy weet di pad te hou;
 Myn agteros is 'n pelsiir;
 Op hom kan ek fertrou;
 Met sulke osse foor myn wa,
 Sal 'k na gen pèrd of muile fra.
 Myn osse fra gen foer of stal,
 Hul soek mar self hul kos;
 Hul dwaal fry rond in 'berg en dal,
 In ope feld of bos;
 Met frou en kinders by di wa,
 Kyk ek myn ossiis lustig na.

Di Engelsman het ons ferdruk,
In fyne slawerny:
Mar afgegoi het ons syn juk,
Ons is nou frank en fry;
Fry sit ek by myn ossewa,
En sal gen freemde juk weer dra.

Myn plaas en goed het ek laat bly,
Ek soek 'n nuwe land;
Di mooiste plek wat ek nou kry,
Sal ek myn penne plant;
Dan bou ek langs myn wa 'n huis,
En maak my daar op nuut weer tuis.

T.

Gabrons, 21 7. '94.



